

Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Finansiële bestuur 200 (FBS 200)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Modulekrediete	32.00
Programme	BCom Rekeningkundige Wetenskappe
Voorvereistes	FRK 100 of FRK 101 en FBS 121 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Finansiële Bestuur
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Slegs beskikbaar vir BCom (Rekeningkundige wetenskappe)-studente

Doel en funksie van bestuursrekeningkunde. Grondliggende kostebegrippe. Die bepaling van produkkoste met inbegrip van grondstof-, arbeids- en bokoste en die toedeling daarvan volgens die tradisionele sowel as aktiwiteitsgebaseerde kostetegniese, voorraadbestuur, die akkumulering van kostes volgens 'n taak- en proseskostestelsel, die hantering van gesamentlike en neweprodukte en die bepaling van kostes volgens 'n direkte sowel as 'n absorpsiekostebenadering. Besluitneming met verwysing na kostevolume-wins-verhoudings, relevante koste, risiko en waarskynlikhede, beslissingsbome, liniêre programmering en kapitaalbegrotings. Beplanning en beheer dmv kwantitatiewe tegnieke, begrotings en standaardkosteberekening.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.